Oordenking
20 Julie 2009

Saai Jesus oral

Jeffreysbaai is vir 'n hele paar dinge bekend. Dit is bekend vir aangename weer, vir goeie "surf-branders" – en vir baie see-skulpe wat op die strande uitspoel. Hierdie laaste rede tot roem het nou 'n hulpbron vir werkskepping geword. Party inwoners oes die nuwe skulpe elke oggend vroeg op die strand. Hulle verkoop dit dan aan mense met die geduld en vaardigheid om pragtige ornamente daarvan te maak.
En dan is daar 'n groot getal wat die finale produk verkoop. Jy loop hulle daagliks raak. Hulle nader jou op enige denkbare plek. Hulle slaan niemand oor nie. Hulle sien 'n moontlike koper in elke motor en op elke bank. Hulle het uithouvermoë en hulle is nie skaam nie. Ek dink hulle is suksesvol, want hulle hou nooit op nie.
Hoe wonderlik sou dit nie gewees het as Christene met dieselfde toewyding en deursettingsvermoë vir Christus aan die wêreld bekend gestel het nie. As ons net wil ophou dink dat ons weet wie op hierdie goeie nuus sal reageer, en wie nie.

Die skulp-smouse het my aan die bekende gelykenis van die saad en die saaier laat dink wat in Mat 13 vertel en uitgelê word. Dis 'n storie oor die Woord van God wat op verskeie soorte grond val, by 'n verskeidenheid mense uitkom. Die gelykenis leer ons ook baie oor die een wat saai.

Volgens die gelykenis het Jesus geweet dat sy woorde in sommige mense se lewens soos saad op 'n pad val. Hulle her skaars die Woord gehoor, of dis al weer weg. Hulle is harde mense, sonder die vermoë om op die Woord van die Here te reageer.

Ander saad val op vlak grond. Die gelykenis praat hier oor vlak mense. Jy weet jy is vlak as die 2 hoofsake op jou agenda is: die "dinge wat jy geniet" en "die dinge wat jy nie geniet nie". En dan doen jy net wat vir jou lekker is. Dis vlak. Vlak mense lees net "lekker" verse in die Bybel, dink nie juis diep na oor enige iets geestelik nie en as hulle reageer op Gods woord, hou dit nie lank nie. Daar is geen vrug vir God se saak in hulle lewe nie.

Soms val God se woord tussen onkruid. Dit is mense wat soveel "plante" in hulle lewe toelaat, dat hulle te besig geword het om die Woord van God te absorbeer. Hulle het vir teveel goed ja gesê. Daar was 'n tyd toe hulle 'n prioriteitslys gehad het, maar dit het lankal weggeraak. Hulle is nou nog net daar besig waar hulle die druk die meeste voel. Daar is nie meer tyd om te bid nie, vir die Bybel nie, om aan verhoudings te werk nie en om God vir sy gawes te dank nie. Die graan wat hulle oplewer is verskrompel. Dit beteken niks vir enige iemand nie.

En dan is daar die goeie grond. Opregte, nederige, dienende Christene, wat in dieselfde wêreld as ander lewe, by dieselfde plekke werk en dieselfde uitdagings het – maar iets aan hulle is anders. Hulle gee liefde, hulle gee om, hulle gaan, hulle doen en hulle gee. En as jy hulle goeie dade opnoem, dan is dit vir hulle 'n verleentheid.
Wat maak hulle so anders? Hulle spandeer tyd om seker te maak dat God se saad vrug dra in hulle lewe.
Hulle luister as God praat. Om regtig aandag te gee aan wat God sê, voed jou, groei jou verhouding met Jesus en bepaal wie jy is. Dit veroorsaak dat die saad van die Here 30, 60 en 100-voudig vrug dra in jou lewe.

Maar die gelykenis gaan oor meer as oor wie ons is. Dit gaan ook oor wie Jesus is. Hy vertel ons hier hoedat Hy saai. Hy sê vir ons dat Hy in alle soorte grond saai. Hy vertel dat Hy elkeen 'n kans gee om die saad te ontvang. Harde mense, vlak mense, besige mense en goeie mense!

Dit sal 'n groot fout wees om mense af te skryf omdat hulle te hard, te vlak of te besig vir God geword het. Die feit is dat ons nie weet waar en hoe die saad gaan groei nie. Ons mag nie selektief saai nie. Ons moet die saad van God uitsaai sonder om te let op waar dit val en sonder om te probeer raai wat die opbrengs gaan wees. Want ons weet nie.
Dit is Christus wat deur jou en my saai. En ons weet nie waar die saad gaan groei nie. Al wat ons weet, is dat ons glo dat mense kan verander deur die krag van die Heilige Gees.

Moenie jou vertroue stel in jou gawe om te saai nie. Vertrou die saad, want dis niks minder nie as Christus wat deur die Heilige Gees aan mense gegee word. Hy is aan jou gegee, aan jou familie, jou man, jou vrou, jou ouers, jou kinders, jou vriend en jou buurman.

As jy dit glo, sal jy geseënd wees terwyl jy besig bly met God se boerdery. Saai Jesus oral, sonder om moeg te word. *Slaan niemand oor nie. Sien 'n moontlike Christen in elke motor en op elke bank. Hou aan. Moenie skaam wees nie.* En God sal voortgaan om sy Kerk te gebruik om die wêreld te red.